# Wat HET ONS nodig?

Weskerk

PREEKREEKS




ONS
HET
Jesus
NODIG


Efesiërs 1:3-14
In/Deur Christus…
"Daarom moet ons sy grootheid prys."

# Ons het Jesus nodig

- ALLES gaan oor Hom



16 God het deur Hom alles geskep
wat in die hemel en op die aarde is:
alles wat gesien kan word
en alles wat nie gesien kan word nie, konings,
heersers, maghebbers, gesagvoerders.
<u>Alles is deur Hom en vir Hom geskep.</u>

*Kolossense 1:16*

36 Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge.
Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid!
Amen.

Romeine 11:36

# Ons het Jesus nodig

- ALLES gaan oor Hom
- Hy is die ENIGSTE verlosser



12 "Hý bring die verlossing en niemand anders nie.
Daar is geen ander naam op die aarde aan die
mense gegee waardeur God wil dat ons verlos
moet word nie."

*Handelinge 4:12*

5 Daar is immers net een God, en daar is net een
Middelaar tussen God en die mense, die mens
Christus Jesus 6 wat Homself as 'n losprys vir almal
gegee het. Dit was op die bestemde tyd die bewys
van die bedoeling van God.

*1 Timoteus 2:5-6*

Julle het met die ou, sondige mens en sy
gewoontes gebreek [10]en leef nou die lewe van die
nuwe mens, wat al hoe meer vernuwe word na die
beeld van sy Skepper en tot die volle kennis van
God. [11]Hier is dit nie van belang of iemand Griek of
Jood is nie, besny of nie besny nie, andertalig,
onbeskaaf, slaaf of vry nie. Hier is Christus alles en
in almal.

*Kolossense 3:9-11*

# Meer van Jesus, minder van my

- Dissipels wat HOM volg



25 Wie sy lewe bo My liefhet, verloor dit; en wie sy
lewe in hierdie wêreld nie bo My liefhet nie, sal dit vir
die ewige lewe behou. 26 As iemand My wil dien, moet
hy My volg; en waar Ek is, daar sal my dienaar ook
wees. As iemand My dien, sal die Vader hom eer.

*Johannes 12:25-26*

# Meer van Jesus, minder van my

- Dissipels wat HOM volg
  – Nie Leiers, Leerstellings, Nie




10 Julle moet julle nie 'leiers' laat noem nie, want Een
is julle Leier: die Christus.
11 Maar die grootste onder julle moet bereid wees
om die ander te dien. 12 Wie hoogmoedig is, sal
verneder word, en wie nederig is, sal verhoog word.
Matteus 23:10-12

8 Pas op dat niemand julle van Hom af wegvoer
deur teorieë en argumente wat misleidend is nie. Dit
is dinge wat berus op die oorlewering van mense,
op wettiese godsdienstige reëls en nie op Christus
nie. 9 In Hom is die volle wese van God beliggaam,
10 en in verbondenheid met Hom deel julle in sy
volheid. Hy is die hoof oor elke mag en gesag.

*Kolossense 2:8-10*

3 As iemand 'n ander leer verkondig en nie hou by die
gesonde woorde van ons Here Jesus Christus en by die
leer van ons godsdiens nie, 4 is hy verwaand en weet hy
niks. Hy het 'n sieklike beheptheid met twisvrae en met
stryery oor woorde. Daaruit ontstaan afguns, twis,
beledigings, gemene verdagmakery, 5 voortdurende rusie
van mense wat verstandelik verward en van die waarheid
beroof is. Hulle dink dat die godsdiens iets is om
geldelike wins mee te maak.

*1 Timoteus 6:3-5*

# Meer van Jesus, minder van my

- Dissipels wat HOM volg
  – Nie Leiers, Leerstellings, Nie
- Volg sy VOORBEELD

5Wie sy woord egter gehoorsaam – in hom het die
liefde van God werklik sy doel volkome bereik.
Hieraan weet ons dat ons in Hom is. 6Wie beweer
dat hy in Hom bly, behoort self ook te lewe soos
Jesus gelewe het.

*1 Johannes 2:5-6*

1 Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet,
moet julle sy voorbeeld volg. 2 Lewe in liefde, soos
Christus ons ook liefgehad en om ons ontwil sy
lewe as 'n offergawe gegee het, ja, 'n offer wat vir
God aanneemlik was.

*Efesiërs 5:1-2*


# Meer van Jesus, minder van my

- Dissipels wat HOM volg
  - Nie Leiers, Leerstellings, Nie
- Volg sy VOORBEELD
- Bly GEWORTEL…



6 Aangesien julle dan Christus Jesus as Here
aangeneem het, moet julle in verbondenheid met
Hom lewe, 7 in Hom gewortel en op Hom gebou, vas
in die geloof soos julle geleer is, en met
dankbaarheid vervul.

*Kolossense 2:6-7*


5"Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie."
Johannes 15:5


ONS HET
Jesus
NODIG
HOOP